higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID V3

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(7601053)

18 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

534Q1N2218

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die immuunstelsel is die liggaam se …

A versetstelsel
B veeleisende stelsel
C verdedigingstelsel
D verdunningstelsel

1.2 Die … van die brein hanteer logiese denke, wetenskap en wiskunde.

A regterkant
B linkerkant
C geheel
D middel

1.3 EEN van die potensieel gevaarlike situasies wat in water kan voorkom, is …

A swem.
B verdrinking.
C lewensredders.
D gooi.

1.4 'n Aksieplan is 'n plan wat …

A jou help om die skool te verlaat.
B jy ontwikkel om jou met jou studies te help.
C jou met jou sosialemediaplatforms help.
D jou fiksheidsvlak verbeter.

1.5 'n Infeksie is drie indringing en groei van … in die liggaam.

A teenliggaampies
B die immuunstelsel
C kieme
D patogene

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN REDE vir elke antwoord.

2.1 'n Linkerbreindominante persoon verkies om opstelle te skryf en na prente en tekeninge te kyk.

2.2 As jy 'n visuele leerstyl het, sal jy iets beter verstaan wanneer jy dit hoor as wanneer jy dit slegs lees.

2.3 Jy kan jou swakpunte in 'n persoonlike ontwikkelingsplan evalueer.

2.4 As jy handhawing- en weieringsvaardighede gebruik, beteken dit jy luister nie na raad nie en jy respekteer nie die mense om jou nie.

2.5 As jy jou vriende verstandelik kies, sal dit jou help om gemaklik genoeg met jouself te wees en jou minder kwesbaar in jou verhoudings met ander mense maak. (5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Sê op 'n beleefde manier hoe jy voel	A	gelykheid
3.2	'n Program wat werknemers aanmoedig om van hulle gesondheidsverwante gedrag bewus te wees	B	probleemoplossing
		C	onderhandeling
3.3	Die gedwonge vervoer en gebruik van gevange mense	D	diversiteit
		E	werknemerwelstand
3.4	Om nie onregverdige diskriminasie toe te laat nie	F	teistering
3.5	Intimidering of toepassing van skadelike druk	G	siekte
3.6	Neem stappe om tot die kern van 'n saak deur te dring	H	selfversekerdheid
3.7	Mishandel mense omdat hulle manlik of vroulik is	I	geslagsmis-handeling
3.8	Om 'n tot skikking tussen twee partye te kom	J	mensehandel
3.9	Keer dat die liggaam of verstand normaal werk	K	bemiddeling
3.10	'n Kombinasie van verskille wat ons beskouing van die wêreld en ons perspektief beïnvloed	L	vooroordeel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

kompressor; kompressies; sirkuleerkopkaart; opsomming; aantekening; herroep; herwin; mnemoniese; SWOT; siektes; opportunistiese infeksies; hersien

4.1 Die basiese noodhulpvaardighede wat gebruik word om slagoffers te help wat amper verdrink het, is lugweg, asem, … en vervoer na die hospitaal.

4.2 'n … stel die belangrikste feite oor iets op 'n beknopte maar duidelike manier ten toon.

4.3 OV3H ('SQ3R') staan vir oorsig, vrae, herlees, … en hersien.

4.4 Wanneer jy hersiening meer pret probeer maak, kan jy … tegnieke gebruik wat jou kan help om 'n spesiale woord, sin, patroon letters of rympie te maak.

4.5 Infeksies wat 'n swak of siek liggaam uitbuit word … genoem.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Om tyd op die internet te mors, is een van baie soorte onproduktiewe gedrag in die werkplek.

5.1.1 Gee DRIE redes waarom onproduktiewe gedrag by die werk verkeerd is. (3)

5.1.2 Gee TWEE voorbeelde van produktiewe gedrag in die werkplek. (2)

5.2 Waarom dink jy sal werkgewers produktiewe werknemers meer waardeer?

(1 × 2) (2)

5.3 Wanneer jy gaan begin werk, sal jy 'n persoonlike etiekkode nodig hê. Noem DRIE etiese beginsels wat jy belangrik ag en wat jy by jou persoonlike etiekkode sal insluit. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.cosmicshambles.com/words/blogs/suzigage/ghb*]

6.1 Verduidelik kortliks die betekenis van *afspraakverkragtingsdwelms.* (2)

6.2 Noem TWEE afspraakverkragtingsdwelms buiten die een in die prent hier bo. (2)

6.3 Wat doen jy wanneer jy uitgaan om seker te maak dat jy vermy afspraakverkragtingsdwelms? (3 × 1) (3)

6.4 Dit is moontlik om te oorleef en voort te leef ná 'n afspraakverkragting, maar daar is die gevaar dat jy MIV/vigs of SOI's kan opdoen.

6.4.1 As jy aan jou verhoudings met ander mense dink, hoe kan jy sorg dat jy nie met MIV geïnfekteer word nie? Noem TWEE maniere. (2)

6.4.2 Wanneer jy na openbare plekke gaan, kan jy in kontak kom met iemand wat voortdurend hoes. Vir watter ander simptome sal jy uitkyk om te bepaal of die persoon dalk TB het? Bespreek TWEE simptome. (2)

6.5 Skep 'n slagspreuk om diegene wat menseregteskendings soos gender- en kindermishandeling pleeg, te help stopsit. (Nie meer as VIER woorde nie) (2)

6.6 Wanneer jy enige vorm van menseregteskending in jou gemeenskap sien, aan watter TWEE nasionale of streeksorganisasies sal jy dit rapporteer? (2)

[15]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die Departement van Indiensneming en Arbeid het die inhegtenisneming verwelkom van 'n 39-jarige boekhouer wat beskuldig word van swendelary wat die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) se tydelike covid-19 werkgewer-/werknemerverligtingskema uit R11,1 miljoen verkul het.

Die verdagte moet op Dinsdag 31 Augustus 2021 in die Palm Ridge-magistraatshof verskyn.

[Bron:*www.gov.za/speeches/uif-welcomes -arrest-bookkeeper-accused1*]

7.1 In die nuus sien ons voortdurend ander vorme van korrupsie en ekonomiese misdaad. Gee DRIE voorbeelde van die mees onlangse vorme van korrupsie of ekonomiese misdaad wat jy in Suid-Afrika gesien het. (3)

7.2 Kyk weer na die antwoorde wat jy in VRAAG 7.1 gegee het en verduidelik in detail hoe hierdie vorme van korrupsie of ekonomiese misdaad jou as individu beïnvloed. (3 × 2) (6)

7.3 Verduidelik VIER voordele daarvan om korrupsie te rapporteer. (4)

7.4 As jy na van ons gemeenskappe kyk, is dit duidelik dat mense finansieel sukkel. Gee DRIE voorbeelde van hoe korrupsie die armes in ons samelewing beïnvloed. (3)

7.5 As jy enige vorm van meningsverskil met iemand by die werk ondervind, wat sal die formele konflikoplossingstrategieë wees wat jy kan volg? Verduidelik TWEE. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 8

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Susan werk by 'n kollege as administrateur. Sy het te kenne gegee dat sy daarin belangstel om van haar administrasiepos na 'n oop pos vir persoonlike assistent aan die kampusbestuurder te beweeg.

Nadat sy die pos met haar bestuurder bespreek het, besluit Susan se bestuurder dat sy die adjunkkampusbestuurder se persoonlike assistent vir twee weke by die werk moet dophou om te besluit of sy die pos wil hê.

8.1 Verduidelik die waarde van skaduwerk. Gee DRIE redes. (3)

8.2 Netwerkskepping is net so belangrik soos skaduwerk wanneer jy jou loopbaan probeer bou.

8.2.1 Verduidelik die term *netwerkskepping*. (1 × 2) (2)

8.2.2 Gee TWEE redes waarom netwerkskepping vir toekomstige werkvooruitsigte belangrik is. (2)

Kopiereg voorbehou

8.2.3 Watter TWEE strategieë kan Susan toepas om vir haarself 'n netwerk te begin vestig? (2)

8.3 Susan moet besluit of sy die pos sal aanvaar of nie.

8.3.1 Stel VIER besluitnemingstappe voor wat Susan kan gebruik om haar te help om hierdie besluit te neem. (2)

8.3.2 Hoe kan 'n persoonlike ontwikkelingsplan Susan in haar loopbaan help? (1 × 2) (2)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die spotprent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.com/Volunteer-Comic-Strips-by-Pickles*]

9.1 Earl dink om sy vrou die straat te help oorsteek, is vrywilligerwerk.

Verduidelik kortliks aan Earl die betekenis van *vrywilligerwerk*. (1 × 2) (2)

9.2 Verduidelik aan Earl DRIE voordele van vrywilligerwerk. (3)

9.3 Stel TWEE vrywilligerprojekte voor waaraan Earl in sy gemeenskap kan deelneem. (2)

9.4 Bespreek hoe die volgende 'n vrywilliger kan hinder/ontmoedig.

9.4.1 Gebrek aan spangees (2)

9.4.2 Gebrek aan leierskap (2)

Kopiereg voorbehou

9.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (9.5.1–9.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee ’n rede vir elke antwoord.

9.5.1 Gemeenskapsprojekte en nasionale veldtogte help slegs arm en daklose mense. (1 + 1) (2)

9.5.2 ’n Vrywilliger wat nie toegewyd is nie of wat belangstelling in ’n projek verloor, kan binnekort onttrek. (1 + 1) (2)

9.6 Gee ’n beskrywende voorbeeld van wat jy as seksuele teistering in die werkplek sal beskou. (2)

9.7 Jy kom agter dat jou vriend se natuurlike manier van leer in die klas die kinestetiese leerstyl is. Wat is die verskillende maniere waarop jou vriend vir eksamens kan hersien? (3 × 1) (3)

9.8 Gedurende die jaar het jy oor breindominansie geleer en oor hoe belangrik dit is om te weet watter kant van jou brein die dominante kant is, veral as dit by die aanleer van nuwe dinge kom.

9.8.1 Watter kant van jou brein is die dominante kant? (1)

9.8.2 Beskryf DRIE aspekte van die manier waarop jy verkies om te werk/leer, op grond van jou antwoord in VRAAG 9.8.1. (3)

9.9 Thandiswa het ’n werksonderhoud vir ’n ontvangspersoonpos in een van die grootste verkoopsmaatskappye.

Gee vir Thandiswa raad in ’n paragraaf oor VYF maniere waarop sy die funksies wat die ontvangspersoonpos behels, kan navors en verken. (6)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou